

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 26

(Mei 1964)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

WAT VAN JOU KIND?

Jou KIND!

Nog voor sy geboorte het hy deel van jou lewe geword.

Sy koms was met spanning ... jou hele daaglikse roetine was verander. Want dit is JOU kind. Hy lyk na jou. Die mense het dit al dikwels gesê. Maar jy het dit ook self agtergekom. In hom sien jy *jou* gesig, *jou* mond, *jou* oë. Maar ook *jou* aard, of miskien van jou eggenoot (-ote)

Jou kind . . . in hom word jou lewe op aarde voortgesit!

As jy nie meer daar is nie, sal hy nog jou naam dra, hy sal nog altyd jou omgewing se „herinnering" wees aan jou.

Jou kind ... dit is JY. Jou kleinkind ... dit is Jy.

Jou nageslag . . . daarvan is JY die hoof; daarin sal *jy* gesien word: jou gestalte, jou oë, jou stem, jou karakter, jou GELOOF!

Jou nageslag sal uitwys wat jy gedoen het: as jy gehoorsaam was aan God . . . dan het jou kind ook gehoorsaamheid geleer.

As jy GOD geken het, dan het jou kind ook die voorreg gehad om Hom te ken! Wat jy doen, sal jou kind ook doen.

* * *

En miskien gaan jy glad nie KERK toe nie, jou kind sal ook nie gaan nie!

Miskien DRINK jy nogal taamlik baie, jou kind gaan nog meer drink!

Miskien is jy LUI, jou kind sal nog luier wees!

Miskien HAAT jy jou medemens, jou kind sal hom miskien *vermoor*!

Miskien is jy *wetteloos*, jou kind sal nooit onder GESAG wil buig nie!

Jy het gehoor wat het die oumense altyd gesê: "Die appel val nie ver van die boom nie" . . .

Soos die vader, so is die seun!

Soos die moeder, so is die dogter!

Dit is nie maar toeval nie, God het ons so gemaak en ons kinders en hulle kinders, ens. is aan ons verbind dat ons sonde vir hulle 'n VLOEK kan wees of 'n SEËN. As jy God haat, dan sal selfs jou kinders, kleinkinders en agterkleinkinders daaronder ly.

Maar as jy God liefhet . . . o, dan sal aan DUISENDE van jou nageslag barmhartigheid bewys word! So sê die Bybel.

En die Bybel is onvermydelik en onverbiddelik . . vir duisende jare reeds! Maar dit is ook vol van die ewige LIEFDE.

* * *

Ook hierdie gesprek oor jou en jou kind is 'n bewys van Christus se liefde.

God wil nie dat jy *met jou kind en al* ondergaan nie.

En daarom moet JY jou bekeer, dan sal jou kind ook bekeer wees!

Jy moet jou Bybel lees, jou kind sal ook 'n Bybel wil hê.

Gaan Sondag Kerk toe, jou kind sal ook wil gaan.
Jy moet die Evangelie aanneem, jou kind sal dit ook besit.
Werp jouself in die arms van Christus, Jou kind sal Hom liefhê.
Jy moet voortgaan op die pad van die ewige lewe ... en jou kind sal volg.
Ook jou sterfbed sal vir sy lewe lank 'n prediking wees.
Selfs nog daar sal jy vir jou kind iets leer van die *heerlikheid* van God.
Is dit vir jou die swaar pad? So uiters moeilik om ter wille van jou kind jou lewe reg te ruk?
In elke geval is dit nie so moeilik as daardie slappe, luie, gewetelose, liefdelose lewe wat jy miskien nou voer nie
Want die lewe sonder God is die duistere lewe, ondanks die lig van ydele sonde.
Dit is die bitter pad, ondanks die soet begin.
Maar die pad van Christus is anders.
Jy vind Hom in die Bybel.
En die Bybel vind jy in die Kerk waar dit gepreek word.
Daarheen moet jy gaan. En neem jou kind saam, om jou kind se toekoms ontwil . . .
NEEM HOM SAAM NA DIE KERK!

— **V. E. d'Assonville.**

KOM ONS VERMEERDER ONS BYBELKENNIS

Sondag 17 Mei is Pinkster. Dan gedenk die hele Christendom die uitstorting van die Heilige Gees.

Wie is die Heilige Gees?

Waar kom Hy vandaan?

Wat is sy werk?

Dis maar 'n paar van die vrae wat in verband met die Heilige Gees gestel kan word. Daar is nog talle meer.

Kom ons kyk hierdie maand wat die Bybel op hierdie vrae antwoord. As u elke dag een van die stukies wat hieronder aangedui word noukeurig lees, sal u aan die end van die maand heelwat meer oor die Heilige Gees weet.

Wat bely die Christelike kerk aangaande die Heilige Gees?

"Eerstelik, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is.

"Ten tweede, dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by mv te bly" (Heidelbergse Kategismus XX, 53).'

Ons neem hierdie antwoord as uitgangspunt en gee dan by die Bybelverse aan wat u elke dag van die maand daaroor kan lees. Die kernvers word elke keer tussen hakies na die gegewe Skrifgedeelte aangedui.

I. Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun waaragtige ewige God.

1. Hy is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, {Matth. 28:16-20 (19)}.
2. Hy is dus self God — {2 Kor. 13:5-13 (13)}.
3. Hy is nie maar 'n onpersoonlike krag nie, maar 'n Goddelike Persoon. (a) Hy het verstand, {1 Kor. 2:10-16 (10)}.
4. (b) Hy kan spreek, {Hand. 13:1-12 (2, 4)}.
5. (c) Hy bid, {Rom. 8:24-30 (26, 27)}.
6. Hy besit Goddelike majesteit. Dit blyk uit die volgende: (a) Wie vir die Gees lieg, lieg vir God, {Hand. 5:1-10 (3, 4, 9)}.
7. (b) Wie teen die Heilige Gees sondig, word nooit weer vergewe nie, {Matth. 12: 22-32 (32)}.
8. Die Heilige Gees besit die volgende Goddelike deugde: (a) Alomteenwoordigheid, {Ps. 139:1—12 (7)}.
9. (b) Ewigheid, {Hebr. 9:13-28 (14)}.
10. (c) Almag, {1 Kor. 12:1-11 (11)}.
11. (d) Heiligheid, {Ps. 51:1-13 (13)}.
12. Hy is die Gees van God se mond, {Ps. 33:1-9 (5)}.
13. Hy is die asem van die Almagtige, {Job. 33:1-7 (4)}.
11. Hy het deelgeneem aan God se skeppingswerk. {Gen. 1:1-10 (2)}.

15. Hy neem deel aan die onderhouding van die skepping, {Ps. 104:24-35 (30)}.

II. Die Heilige Gees is ook aan my gegee.

16. Die Heilige Gees gaan uit van die Vader en die Seun, {Joh. 15:20-27 (26)}.

17. Die uitstorting van die Heilige Gees word al in die Ou Testament belowe, {Joël 2:24-32 (29)}.

18. Die Heilige Gees word op Pinkster uitgestort in die kerk van die Here, sodat almal wat tot die kerk behoort, die *Gees* besit, (Hand. 2:1-13).

III. Die Heilige Gees maak my Christus en al sy weldade deur 'n ware geloof deelagtig.

19. Hy word aan ons gegee as 'n pand van die genade van God in Christus, {2 Kor. 1:12-22 (22)}.

20. As iemand die Heilige Gees nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie, {Rom. 8:1-11 (9)}.

21. Die inwoning van die Gees in ons hart maak van ons 'n tempel van God, {1 Kor. 3:16—23 (16)}.

22. Die Heilige Gees maak my al die weldade van Christus deelagtig, {Efes. 1: 15-23 (17, 18)}.

23. Deur Hom ontvang ek die vrugte van die Gees, {Gal. 5:16-26 (22)}.

24. 'n Besondere werk van die Heilige Gees is die heiligmaking, {2 Thess. 2:11-17 (13)}.

25. Die gelowige wandel nie meer na die vlees nie, maar na die Gees, {Rom. 8: 11-17 (13)}.

26. Die Gees bid saam met ons dat Christus weer moet kom, {Openb. 22:13-21 (17)}.

IV. Die Heilige Gees is aan my gegee om my te troos.

27. (a) Joh. 14:16-26 (16).

28. (h) Joh. 16:1-11 (7).

29. (e) Hand. 20:20-31 (31).

V. Die Heilige Gees is aan my gegee om ewig by my te bly.

30. Hy sal ewig by ons bly. {Joh. 14:5-16 (16)}.

31. As ons in die Gees saai, sal ons uit die Gees die ewige lewe maai, {Gal. 6:1-10 (8)}.

As u enige probleme het, skrywe gerus aan *Quo Vadis?*, Posbus 20008, Noordbrug. Potchefstroom.

— **P.W.B.**

DIE EWIGE LEWE VOLGENS DIE OPENBARINGBOEK

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan en die see was daar.

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees en God self sal by hulle wees as hulle God,

En God sal al die trane van hulle oë afvee en daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het vir my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Hy wat oorwin, sal alles beërwe en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

'N GEBED OM SKULDVERGEWING

Almagtige en genadige God, fontein van alle barmhartigheid, U ken die gedagtes van my hart. Ek bely voor U dat ek gesondig het en gedoen het wat verkeerd is in U oë. Reinig my van die vlek van die sonde en gee my genade en krag om af te lê alles wat my tot skade en u Naam tot oneer sou strek. Skenk my die lig van U Woord en die leiding van U Heilige Gees sodat ek verder in U weë sal wandel. Verhoor my om Jesus wil. — Amen.

Wie is Jesus Christus?

Jy vra my wie Jesus Christus is.

Jy stel my voor 'n moeilike taak. Moeilik, nie omdat ek nie weet hoe om te antwoord nie. maar omdat ek op jou vraag nie maar 'n enkelvoudige antwoord kan gee nie. Want om 'n antwoord te gee op die vraag wie Jesus Christus is, beteken min of meer dieselfde as om by 'n skatryk diamantmyn te staan te kom waaruit telkens die een na die ander kostelike diamant na bo gebring word.

Op jou vraag wil ek dus 'n paar antwoorde gee. Ek wil 'n paar van die diamante van die geloof vir jou wys. Hierdie keer wil ek jou vraag beantwoord deur te sê: Jesus is ons Saligmaker.

Wat Saligmaker eintlik beteken?

Salig beteken ongeveer dieselfde as *gelukkig*.

As Jesus nou ons Saligmaker is, wil dit sê dat Hy die Een is wat ons gelukkig maak.

Ja, daarvoor het Christus na die aarde gekom, om ons gelukkig te maak — intens gelukkig, gelukkig so lank as wat ons hier op aarde is, maar ook gelukkig by en na die dood.

Dit geld ook vir jou. Hy het gekom om *jou* ook *persoonlik* in die groot en ewige geluk te laat deel. Dit is tog iets besonder, nie waar nie?

Nou begryp jy natuurlik heel goed dat as ek sê dat Jesus Christus gekom het om jou *gelukkig* te maak, impliseer dit dat jy eintlik *ongelukkig* is. Ja, dit is so.

Miskien stem jy nie saam nie. Miskien sal jy sê: Ek is gelukkig in my werk. Ek is gelukkig getroud. Ek is gelukkig in my ontspanning.

Dit mag waar wees, maar jou ongelukkigheid lê veel dieper as hierdie dinge wat jy genoem het wat aan die oppervlakte van jou lewensbestaan lê. Jou ongelukkigheid is dit dat jy van God vervreem geraak het en 'n slaaf van Satan geword het, dat jy Hom wat aan jou die lewe gegee het, wat aan jou krag en gesondheid gee, wat sy son oor jou laat skyn, ignoreer en maak asof Hy nie bestaan nie. God, in en by wie jy die enigste vaste anker in hierdie wisselvallige wêreld kan vind, het jy deur jou sondes verag. En daarom gebeur dit dat daar te midde van jou oppervlakkige geluk soms oomblikke kom dat jy bitter ongelukkig, beangs en bang voel, dat jou senuwees begin vreet en jy ontsettend geïrriteerd kan raak. Dit alles getuig maar net van een ding, en dit is dat jy deur jou sondes van God los geraak het en daarom eintlik 'n ongelukkige wese is.

Ek wens jy kan dit een keer regkry om daardie mooi opgesmukte masker van 'n ordentlike, skyngelukkige lewe van jou af te ruk sodat jy jou diepe ongeluk kan raaksien.

Jy reken miskien dat dit verregaande van my is *om* sulke dinge te sê en dat ek uit my beurt praat. Jy laat my dink aan 'n persoon wat bloedkanker in 'n beginstadium onder lede het. Hy voel nie juis sleg nie en dit hinder hom eintlik nie. Hy het 'n dodelike siekte onder lede . . . hy weet dit nie. So is jy as jy die feit dat jy van God vervreem is, nog nie leer ken het as jou diepste ongeluk nie.

Jesus Christus is nou egter die Een wat gekom het om hierdie ongeluk van ons weg te neem en in die plek daarvan ware geluk te bring. Hy het gekom om die breuk wat daar tussen God en ons gekom het, te herstel. Hy het gekom om ons weer aan God te bind en met God te versoen. En verbintenis aan God beteken altyd geluk.

Jesus Christus het as ons Saligmaker, as ons Gelukkigmaker, 'n taak verrig wat geen mens kan doen nie. Hy het 'n werk verrig by God. Hy het ons saligheid, ons geluk bewerk deur die toorn van God oor ons sondes te stil. Dit het Hy gedoen deur sy eie lewe prys te gee in die dood en Homself te offer vir ons sondes.

Nou moet jy net onthou dat Christus al die smarte deurly het ook om *jou* geluk te bewerkstellig — jou geluk vir hierdie lewe en die lewe hierna. En jy kan ook deel in hierdie geluk in hierdie lewe en die lewe hierna. En jy kan ook deel in hierdie geluk as jy waarlik in Christus glo.

In die Bybel lees ons dat 'n apostel eenmaal aan 'n ongelukkige man gesê het: “ ..Glo in die Here Jesus en jy sal gered word”. Hy kon ook gesê het: “..Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gelukkig word”. Dit geld ook vir jou.

Dit was nou my eerste antwoord op jou vraag: Wie is Jesus Christus?

Hy is ons Saligmaker, ons Gelukkigmaker.

Ek hoop van harte dat Hy jou ook waarlik intens gelukkig sal maak — nou en in alle ewigheid.

— **P. J. de Bruyn.**

Wat sê die Openbaringboek?

Dit is die openbaring aan Johannes wat tot hooftema het: Troos vir die gemeente van Christus in die lyding en stryd van die hede en die toekoms. Met die wederkoms van Christus sal die wêreld, Satan en Antichris veroordeel word en die ewige heerlikheid die deel word van die Christusgelowiges. God sal alles wees in almal.

Die geheelbeeld van gebeurtenisse soos hierdie boek dit voorstel, is soos volg:

- i. Daar is ses verskynsels wat vanaf die sondeval bestaan. Dit word in die drie reekse van seëls, basuine en plaes beskrywe. In die laaste dae sal hierdie dinge in verskerpte vorm gebeur:
 - Die verkondiging van die Evangelie.
 - Oorlog en kroniese wêreldtoestand.
 - Honger en ellende in die wêreld.
 - Massadood.
 - Vervolging van die gelowiges.
 - Groot kosmiese rampe.
- ii. Gepaard hiermee sal die bose gees van Satan in toenemende mate oor die mensdom uitgestort word (9:1-112). Vanaf Christus se koms is hy gebind ten opsigte van die volke — dit is die duisendjarige ryk (20) maar by die einde sal hy ontbind word om die volke te verlei. Die gevolge is sondeverharding en afval.
- iii. Die Antichris verskyn en onder die vuis van sy militarisme kom wêreld-eenheid in volstreekte sin. Die groot vervolging van gelowiges vind plaas.
- iv. Op die klimaks van sy ryk gryp God in met die laaste oordeel (16) wat waarskynlik ook voltrek sal word deur rewolusie in die Antichris se ry (16:10, 11). Daar vind 'n groot volkemonstering plaas teen God (16:14). Dit is Armageddon. Die laaste oordeel na die wederkoms van Christus (19:11-16) word voltrek oor die Antichris, valse profeet, antichristendom, Satan en na die opstanding oor alle mense, lewendes en dooies.
- iv. Die ewige lewe en vernuwing van die ganse kosmos.

— **W. J. de Klerk.**

DIE GEES VAN DIE HERE

Die Gees van die Here het gesweef oor die waters.

Die Gees van die Here vernuut die gelaat van die aarde as lewegewende Gees, ook van die natuur.

Die Gees van die Here versier alle mense met talente en bekwaamhede.

Die Gees van die Here is die Skrywer van die Bybel, die Saaier van die Woord en die Toebereider van harte sodat die saad ontkiem.

Die Gees van die Here trek en lei mense na Christus toe.

Die Gees van die Here bewaar ons in die geloof.

Die Gees van die Here versamel die kerk uit die vier windstreke.

Die Gees van die Here is die Inwoner wat besiel, buig, oortuig en troos.

Die Gees van die Here is die gebedsondersteuner wat in ons en deur ons bid.

In die teken van die wind het die Gees gekom volgens die Bybel: Beeld van krag, voortjaging, vaart. In die teken van die vuur het die Gees gekom: Beeld van warmte, oordeel, suiwering.

Daar in Jerusalem het dit gebeur. Wil u ook dié Gees van die Here ontvang? U sal Hom nie vind in opwinding, psigiese oorspanning en liggaamlike stuiptrekkings nie. Hy sal nie met u spreek in drome en gesigte nie.

Soek die Woord — die Bybel — en u het die adres van die Gees.

Die Gees bedien Hom van die prediking — gaan kerk toe en u is onder die asem van die Gees.

Bybel — Kerk — Gees . . . "wie weet, miskien is dit die begin van u nuwe lewe.

— **W. J. de Klerk.**

PINKSTERBELOFTE

*'k Gee my Heilige Gees aan julle
wat die krag verleen en trou.
om te wandel in my weë
en my wet te onderhou.
En julle sal die land van seën
deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle,
jul 'n volk sal wees vir My.*

'n Lied van Skuldvergewing

Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: Jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt
Welsalig wie die Heer geen enkel stonde
toereken wil die boosheid van die sonde,
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.

Toe ek voor U al worstelende verstom het,
geen boetgebed my uit die hart gekom het,
het my gebeent', verskrik deur my geklag,
verswak en uitgeteer die ganse dag.
U hand het swaar gedruk op al my lede :
bedags geen rus en snags geen stem van vrede;
my krag het weggedroog van uur lot uur
soos velde deur die somersonnevuur.

Ek het bely, o Heer! — in sielerou nie
my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem,
U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes
om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan,
dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Psalm 32:1, 2, 3.

DAARDIE GOUE WOORD: VERGEWING

- Daardie jeugdwaling wat by tye weer sterk in die bewussyn begin spook.
- die vuil misdaad wat in 'n oomblik van onbedagsame pret begaan is en nou voortdurend skerp aan die binneste knaag.
- die valse eed wat jy onder dwang van omstandighede gesweer het om jou vel en dié van jou vriende te red.
- die noodleuen wat deur ander noodleuens opgevolg moes word totdat jou verhaal een groot gedrog was.
- die ongeoorloofde verhouding waarmee jy jou huwelik byna in die afgrond gestort **het**.
- die geldsom wat jy uit die brandkas "geleen" het en nou nie weer het om terug te sit nie.

Hierdie en soveel ander vorme van die kwaad (dink maar aan u eie geval as ek hom nog nie hierbo genoem het nie) veroorsaak skuldbesef waardeur 'n mens se lewe een groot onrus word.

Skuldbesef is een van die swaarste laste waaronder 'n mens gebuk kan gaan. Dit bring angs en spanning tot die breekpunt toe. Gesels maar met 'n sielkundige, hy sal u vertel watter lyding mense deurmaak as gevolg van verwronge skuld komplekse. In my eie werk as predikant het ek daar dikwels mee te doen. Watter verhaal van leed en kwelling lê daaragter as 'n sewentigjarige vrou op haar sterfbed fluister: ek is bang om voor God te verskyn oor dinge wat ek veertig jaar gelede gedoen het — help my sodat ek in vrede kan sterwe. Ja, dis soos Dawid in Psalm 32 (waarskynlik na die sonde met Batseba en Uria) verklaar het: "Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag, want u hand was dag en nag swaar op my, my murg het verander soos deur somerdroogtes (Psalm 32 : 3, 4).

Die hand van God rus swaar op iemand wat verkeerd gedoen het en dan versuim om dit reg te maak. Want God weet dat jy dit gedoen het. En jy weet dat God weet, Dit is wat die woord gewete beteken. Konsensie kom van twee Latynse woorde, con (= saam met) en scientia (=kennis). Dit beteken God het saam met jou kennis van die misdaad. God weet saam met jou.

Wat maak 'n mens met so 'n skuldbesef?

Party mense lewe maar voort in die hoop dat dit sal beter word. Maar dit word nie self beter nie. Dit word erger. Dit kan selfs lei tot 'n wanhoopsdaad — selfmoord. En al sou dit nie sover kom nie, is dit 'n nare toestand om in voort te bestaan.

Die enigste regte ding is om die skuld te bely. Voor God, en as dit nodig is, voor die mense. Skuldbelydenis beteken dat 'n mens op jou knieë gaan en alles wat verkeerd is voor God sal erken.

Sê aan die Here:

Ek *erken* dat ek verkeerd gedoen het, ek het *berou* oor wat gebeur het, ek vra *vergifnis* terwille van die bloed van Christus, ek *belowe* om dit nooit weer te doen nie, gee U my die *krag* om my belofte na te kom.

Doen dit daagliks op die knieë. Doen dit ernstig en gelowig. En u sal sien hoe die vrede na 'n tyd terugkeer. Hoe die angste en spanninge verdwyn.

Die hele Bybel is die verhaal van die verlore seun wat terugkom huis toe. Die verhaal van die vergewensgesindheid van die Vader. Mits sy kind maar tot homself kom en besluit om na die Vader terug te keer. Lees gerus die verhaal van Dawid se oortreding met Batseba en Uria (2 Sam. 11 en 12). En lees hierna Psalm 32 en 51. Of lees die ontroerende geskiedenis van Petrus — hoe hy Jesus verloën het, hoe hy berou gekry het, en hoe hy deur Jesus in liefde weer aangeneem is (Joh. 18:12-17 en Joh. 21). Of die aangrypende bekering van Paulus (Hand. 9).

As God om Jesus ontwil die sonde van Petrus en Paulus vergewe het, waarom dink u sal Hy u skuld nie vergewe nie? Maar u moet dit *bely, bely, bely* . . .

P.W.B.

WAT LEER DIE KERK AANGAANDE VERGEWING VAN SONDES?

U kan dit lees in die gespierde taal van die Heidelbergse Kategismus: Dat God terwille van die voldoening van Christus aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil gedenk nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

1 Joh. 2:2; 1:7; 2 Kor. 5:19; Rom. 7:23-25; Jer. 31:34; Miga 7:19; Psalm 103: 3, 10, 12; Joh. 3:18; 5:24.

Ek sien Golgota in die Ou Testament

Deut. 21:23	" . . . een wat opgehang is, is deur God vervloek."
Galasiërs 3:13	"Christus het ons losgekoop van die vloek . . . want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang."
Psalm 22:19	"Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad."
Mattheüs 27:35	"En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp."
Jesaja 53:12	"Hy was saam met die oortreders getel."
Markus 15:27	"Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig".
Jesaja 53:12	"Hy het vir die oortreders gebid."
Lukas 23:34	"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."
Psalm 22:9	"Laat Hy (die Here) hom red . . . Hy het mos 'n behae in Hom."
Mattheüs 27:43	Die spotters: " . . . laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het."
Psalm 22:2	"My God, my God, waarom het U my verlaat. . . ?"
Mattheüs 27:46	"My God, my God, waarom het U My verlaat . . . ?"
Psalm 69:22	" . . . vir my dors het hulle My asyn laat drink."
Johannes 19:29	"En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring."
Exodus 12:46	I.v.m. die paaslam wat tot redding van die volk is: "Julle mag geen been daarvan breek nie."
Psalm 22:18	I.v.m. die ewige Paaslam Jesus Christus: "Al my beendere kan ek tel, hulle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer!"
Johannes 19:33	" . . . maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie."
Sagaria 12:10	" . . . hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het."
Johannes 19:34	" . . . een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek".
Psalm 31:6	"In u hand gee ek my gees oor."
Lukas 23:46	"Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"

Lees verder die hele Jesaja 53 en Golgota, die plek van die Hoofskedel rys voor u op. Ons haal slegs vers 5 aan: " . . . Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat ons die vrede aanbring was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."